

KONINKRYK

LES 16

1 GEBED

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2 UITWISSELING (20 minute) [STILTETYE] 2 KRONIEKE 32, 33, 34 en 36

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (2 Kronieke 32, 33, 34 en 36). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3 MEMORISERING (5 minute) [DIE CHRISTELIKE GEMEENTE] (4) HANDELINGE 20:28

Repeteer twee - twee.

(4) Take van leiers in die gemeente. Handeling 20:28. “Pas julle self op en die hele kudde wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het (letterlik: waaroor die Heilige Gees julle as opsieners¹ aangestel het). Soos wagers/herders ’n kudde versorg, so moet julle die Gemeente van God versorg (Grieks: poimainó), wat Hy vir Hom verkry het deur die bloed van sy eie Seun.”

4 BYBELSTUDIE (85 minute) [DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE] ROMEINE 4:17b-25

Inleiding. In Romeine 4:1-17a het Paulus bewys dat die regverdiging deur geloof nog altyd die metode van verlossing in die Bybel was. In Romeine 4:17b-22 bespreek hy die aard van Abraham se geloof as die voorbeeld van die ware geloof. En in Romeine 4:23-25 bespreek hy die relevansie van Abraham se geloof vir gelowiges vandag.

STAP 1. LEES. GOD SE WOORD

Lees. Ons gaan Romeine 4:17b-25 saam bestudeer.
Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.

STAP 2. ONTDEK. WAARNEMINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK?

Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART?

Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudie notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het.

Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.

4:17b-22

Ontdekking 1. Abraham se geloof het vier kenmerke.

(1) Die eerste kenmerk van geloof staan in Romeine 4:17.

Die voorwerp van Abraham se geloof was die Lewende God.

Abraham het nie maar net geglo nie. Hy het geglo in Iemand en in iets. Hy het geglo in die Lewende God (van die Bybel) en in wat God aan hom belooft het. Hy het geglo dat God almagtig is en die dooies kan lewend maak. Hy het geglo dat God getrou is en dat sy beloftes so goed is asof dit al vervul is.

(2) Die tweede kenmerk van geloof staan in Romeine 4:18.

Dit doel van Abraham se geloof het direk verband gehou met hoop.

Abraham se geloof en hoop het saamgewerk. Sy geloof was seker oor wat hy gehoop het, oor dit wat hy verwag het. Sy geloof was dat hy baie seker was dat God se belofte vervul sou word. Alhoewel Abraham geweet het dat dit menslik onmoontlik was dat hy nog ’n kind sou kon hê, het hy tog bly glo in God se almag en het gehoop (verwag) sonder aarseling op die vervulling van God se belofte. Dit was nie net God se doel dat Abraham die vader van baie volke sou

¹ Grieks: episkopoi (biskoppe)

word nie (Romeine 4:11), maar ook Abraham se bewuste en doelbewuste doel (deur 'n onwankelbare geloof) om die vader van baie volke te word (Romeine 4:18). Abraham het God se doel vir sy lewe tot sy eie doel gemaak! Vol vertrou het hy geglo in die sekerheid van sy verwagting dat die belofte verseker in vervulling sou gaan.

(3) Die derde kenmerk van geloof staan in Romeine 4:19-21.

Die krag van Abraham se geloof is bepaal deur sy siening van God se karakter.

God het belowe dat hy en sy vrou 'n seun sou kry en dat God uiteindelik in die één Saad van Abraham alle families (volke) op die aarde sou seën (Galasiërs 3:16). Maar omdat hulle albei baie oud was, het dit biologies gesien onmoontlik gelyk dat hierdie belofte in vervulling sou kon gaan. Nogtans het Abraham nie toegelaat dat sy omstandighede sy geloof sal begin bepaal nie! Hy het rekening gehou met sy omstandighede sonder om in sy geloof te weifel. Hoe kon hy dit doen? Romeine 4:20-21 sê dat sy geloof deur sy siening van God bepaal word. Omdat hy God as getrou en almagtig beskou het, het hy geensins getwyfel nie.

Sy geloof is telkens versterk deurdat God sy belofte bly herhaal het. Sy geloof het sterk gebly omdat hy God bly eer het as die getroue/betroubare en almagtige God. Hy het bly vashou aan sy oortuiging dat God die mag het om te doen wat Hy belof het!

(4) Die vierde kenmerk van geloof staan in Romeine 4:22.

Die gevolg van Abraham se geloof was dat God sy geloof toegereken het as geregtigheid.

Sy geloof was nie net 'n soort intellektuele geloof (geloof gebaseer op die verstand) nie. Dit was ook nie 'n soort wondergeloof wat nodig is om wonder te verrig nie. Abraham se geloof was 'n geloof wat nodig is vir regverdiging (verlossing, redding), d.w.s., 'n geloof wat lei tot die regverdiging (verlossing). Sy geloof het hom gerig op God en sy belofte met betrekking tot die komende Messias wat deur sy dood en opstanding alle families (volke) op die aarde sou seën. Sy geloof het sy vertrou heeltemal gestel in God se belofte en op die geregtigheid wat Jesus Christus sou verwerf vir verlossing en nie op enige menslike werk nie.

4:23-25

Ontdekking 2. Abraham se geloof het die volgende relevansie vir vandag se gelowiges.

In 1 Korintiërs 10:11 het Paulus gesê dat alle gebeurtenisse in die geskiedenis van Israel as 'n “voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing vir ons, wat die einde van die tye al beleef.” En hier in Romeine 4:23-24 sê hy dat die regverdiging (ANV: vryspraak) deur die geloof *nie net ter wille van Abraham geskryf staan nie, maar ook ter wille van ons wat glo* in God wat Jesus uit die dood opgewek het. Geloof is nie net aan Abraham toegereken tot geregtigheid nie, maar geloof sal ook aan alle gelowiges vandag toegereken word tot geregtigheid. Jesus Christus is vanweëns oortredings oorgelewer en Hy is opgewek sodat ons vrygespreek kan word.

Alhoewel die omstandighede van Abraham in die Ou-Testamentiese periode en ons omstandighede in die Nuwe-Testamentiese periode verskil, wys die ooreenkoms van ons geloof met die van Abraham, dat die geloof in die Ou-Testamentiese periode in wese dieselfde was as die geloof in die Nuwe-Testamentiese periode.

(1) Die eerste ooreenkoms tussen Abraham se geloof en ons geloof is dat die voorwerp van geloof die God van die Bybel is (Romeine 4:3,24). Sowel Abraham as ons glo in die God van die Bybel wat geloof (in Hom en sy belofte) toereken tot geregtigheid (sien Romeine 3:29-30).

(2) Die tweede ooreenkoms is dat Abraham se geloof hom rig op die God wat die dooies lewend maak (Romeine 4:17). Ook ons geloof is gerig op die God wat Jesus Christus uit die dood opgewek het (Romeine 4:24).

(3) Die derde ooreenkoms is dat Abraham se geloof 'n vaste oortuiging was dat God sy belofte sou nakom (Romeine 4:21). Ook ons geloof is 'n vaste oortuiging dat God se belofte al in vervulling gegaan het met die dood en opstanding van Jesus Christus (Romeine 4:25).

Tog moet ons nie dit uit die oog verloor dat die openbaring van God se heilsgeskiedenis steeds voortgaan nie. Die belangrikste verskil tussen Abraham se omstandighede en ons s'n is dat Abraham 'n belofte ontvang het en ons die vervulling van hierdie belofte ontvang het! Sy geloof het hom gerig op die belofte van God wat sekerlik vervul sou word en ons geloof rig hom op die vervulling van hierdie belofte met betrekking tot die voltooiing van God se verlossingswerk deur Jesus Christus.

Daarom kon Paulus in 1 Korintiërs 10:11 skryf dat “ons ... die einde van die tye al beleef.” En daarom kon die skrywer van die brief aan die Hebreërs sê: “Maar nou het Hy (Jesus Christus) net een keer “.. in die voleinding van die tye verskyn om deur sy offer die sonde weg te neem” (Hebreërs 9:26). Abraham het in die begin van die tye geleef en ons leef in die einde of die vervulling van die tye!

STAP 3. VRAAG.

UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Romeine 4:17b-25 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen 'n beurt kry om hulle vraag te lees.

Besprek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

4:17

Vraag 1. Wat het Abraham met betrekking tot God geglo? Wat beteken: “God wat dooies lewend maak” en “God wat dinge wat nie bestaan nie tot stand bring”?

Aantekeninge.

(1) Abraham het geglo in God “wat dooies lewend maak”.

Romeine 4:17 beskryf die kenmerke van God wat in besonder die voorwerp van Abraham se geloof was, toe hy geregtig (vrygespreek) is. Abraham het geglo in die almagtige God wat mag het oor dood en lewe en die dooies lewend maak. Dit onderskei die God van die Bybel van alle andere “gode” van die godsdienste in die wêreld. God is nie net die Skepper en Onderhouer van alles nie, maar ook die Een wat die dooies opwek en almal wat ooit geleef het gaan oordeel (Johannes 5:28-29; Efesiërs 1:19-20).

Aangesien God die mag het om dooie mense weer lewendig te laat word, het Hy ook die mag om mense wat halfdood (besig is om te sterwe) tot lewe te wek! Abraham het geglo dat God hom in staat sou stel om 'n kind te verwek en Sara in staat sou stel om 'n kind te baar, selfs as hulle liggame al baie oud en afgeleef (halfdood) was.

(2) Abraham het geglo in God wat dinge wat nie bestaan nie (nog nie tot stand gekom het nie) tot stand te bring (letterlik: roep asof hulle al bestaan).²

Paulus het nie gesê dat God nog steeds besig was om dinge te skep uit materie wat nie gesien kan word nie (Hebreërs 11:3). God het immers sy skepping op die sewende skeppingsdag al voltooi (Genesis 2:1-2).

Hy sê dat God dinge wat nog nie is (bestaan, tot stand gekom het) nie roep (benoem, daarvoor spreek)(Grieks: kaleó) asof hulle al is (bestaan, tot stand gekom het)! “Die dinge wat nie is nie” is 'n verwysing na dinge wat God in die ewige verlede al besluit het dat dit in die toekoms sou gebeur, maar wat nog nie gebeur het nie (byvoorbeeld, dat Abraham en Sara op hoë ouderdom nog 'n kind sou kry). Omdat God al besluit het dat hierdie dinge sou gebeur, spreek Hy daarvoor asof hulle al gebeur het, só seker sal hulle gebeur!

Dus, vir Abraham was God se belofte met betrekking tot toekomstige gebeurtenisse so goed as die vervulling daarvan! Geloof is om seker te wees dat die dinge wat jy verwag ook werklik sal gebeur (sien Hebreërs 11:1).

4:18

Vraag 2. Hoe het Abraham gehoop?

Aantekeninge. Romeine 4:18 sê: “Toe daar geen hoop meer was nie, het Abraham nog gehoop en geglo (in God se karakter: God se almag en trou. En hy het teen alles (menslike vermoëns) in gehoop en geglo. Die woorde “toe daar geen hoop meer was nie” (teen alle hoop) verwys na sy menslike omstandighede, soos in vers 19 beskrywe. Deur maar net te let op sy menslike omstandighede sou alle hoop vernietig word. Maar deur te konsentreer op God en sy belofte, het sy hoop lewend gebly!

Die woorde “nog gehoop en geglo” beteken nie dat Abraham glo in die inhoud van sy hoop nie. Die objek van Abraham se geloof was nie “hoop” nie, maar God Self! Abraham se hoop was nie “'n wens/begeerte dat iets mag gebeur nie”, maar 'n onwankelbare verwagting, dat iets baie seker sou gebeur². Abraham se geloof en hoop het saam gewerk. Die objek van Abraham se geloof was God Self. Abraham se geloof was gebaseer op God se karakter en gerig op God se almag (God kón dit doen) en trou (God sóú dit doen). Die objek van Abraham se hoop was God se belofte. Abraham se hoop was gebaseer op God se belofte (God het hom 'n seun in sy hoë ouderdom belof) en was gerig op die vervulling van wat God belof het.

4:19-21

Vraag 3. Wat het Abraham se geloof sterk gemaak?

Aantekeninge.

(1) Abraham se siening van God het die aard van sy geloof bepaal.

Vers 19 sê: “Al was hy sowat honderd jaar en al het hy dus goed besef dat sy liggaam reeds gedaan was en dat Sara te oud was om kinders te hê, het sy geloof nie verswak nie.” In plaas van sy omstandighede te verontagsaam, het hy doelbewus rekening gehou met sy omstandighede en was hy baie bewus van sy afgeleefde liggaam en die afgeleefde liggaam van Sara. Menslik gesproke was hulle beide te oud om nog kinders te kry (Genesis 17:17; 18:11).

Maar hulle omstandighede het nie sy geloof verswak nie! Hy het sterk gebly in sy geloof, omdat hy sy aandag bly vestig het op die belofte van God en geen ruimte gegee om in God se belofte te twyfel nie.

² Not a wish, but a very certain expectation!

Vers 20-21 sê dat Abraham nie deur ongelof getwyfel het in God se belofte nie, omdat hy sy aandag bly rig het op God se almag en trou. Hij was ten volle daarvan oortuig dat God ook by magte was om te doen wat Hy belof het. Die geheim van sy sterk geloof lê in wie God is en in wat God gesê het.

(2) God se herhaalde beloftes het die geloof van Abraham sterk gemaak.

Vers 20 sê Abraham “is in sy geloof versterk” deurdat God telkens s belofte aan Abraham herhaal (bevestig) het (Genesis 12:1-3; 15:4-6,18-21; 17:1-21). Dit het hom krag gegee en het hom sterk gemaak.

(3) God se eer hou die geloof van Abraham sterk.

Vers 20-21 sê: “Hy (Abraham) is in sy geloof versterk en het aan God die eer gegee. Hy was ook ten volle daarvan oertuig dat God mag het om te doen wat Hy belof het”. Die krag van Abraham se geloof lê nie in Abraham se persoonlikheid en ook nie in Abraham se daad nie, maar in God se karakter en Gods belofte. God se eer is om oortuig te bly dat God kan doen en sal doen wat Hy belof het! Dit is God se eer wat die geloof sterk hou.

4:22

Vraag 4. Wat is die presiese betekenis van die woorde “Daarom is dit (naamlik: sy geloof) hom tot geregtigheid gereken” (AOV)?

Aantekeninge. Abraham se geloof is hom “tot geregtigheid gereken” (Grieks: elogisthé autó eis diakaiosunén). Die woord “gereken” moenie verkeerd verstaan word asof *die geloof* van Abraham beskou word as ‘n soort goeie (regverdige) daad/werk wat op sy rekening geskryf (gekrediteer) word nie. As dit so was, dan het Abraham iets om oor te roem voor God, naamlik, dat hy geregverdig is deur sy eie daad/werk (Romeine 4:2).

Abraham se geloof kan nooit beskou word as een of ander regverdige daad nie, omdat sy geloof deur genade gereken is tot geregtigheid” (Romeine 4:16). Sy geloof is hom toegereken as ‘n geskenk van God en nooit “as iets wat hom toekom nie” (Romeine 4:4)! Die woord “toereken” het niks te make met kompensasie of beloning nie! Die Griekse woord “logizó” is ‘n juridiese uitdrukking met die betekenis “toeskryf”, in die sin van “verklaar”, “beskou” en “behandel”. Daarom, om te voorkom dat ons gaan dink dat die woord “toereken” verwys na ‘n kompensasie of beloning, is dit beter om te sê dat Abraham se “geloof hom toegeskryf word as geregtigheid”. Dit beteken dat God se respons (antwoord) op Abraham se geloof was dat God hom, in sý oë, 100% regverdig verklaar en daarna as 100% regverdig beskou en behandel.

Die woorde “dit (geloof) is hom tot geregtigheid gereken” beteken presies dieselfde as “hom te regverdig deur geloof alleen”, Terwyl “geregtigheid” God se onverdiende gawe is aan mense wat in Jesus Christus glo, is hulle “geloof” die instrument (“die leë hand”) waarmee gelowiges God se gawe aanneem. God se gawe is die 100% volledige en volmaakte geregtigheid van Jesus Christus, wat Hy vír ons en ín ons plek deur sy dood en opstanding verdiend/verwerf het.

Buitendien is dit nie sommer enige vorm van geloof wat ‘n mens regverdig nie. Abraham se geloof was nie sommer ‘n algemene geloof in één of ander “god” van één of ander godsdiens nie, maar ‘n heel spesifieke geloof met ‘n spesifieke inhoud. Sy geloof was gerig op die God van die Bybel en sy belofte met betrekking tot die komende Messias (Jesus Christus), wat deur sy dood en opstanding alle families (volke) op aarde sou seën (Genesis 12:3; Genesis 22:18). Sy geloof was gerig op God se almag en getrouheid. En sy geloof het tot doel om God te verheerlik.

4:25

Vraag 5. Waarom is ons regverdiging afhanklik van sowel die dood as die opstanding van Jesus Christus?

Aantekeninge. Mense word *geregverdig deur die genade* van God (Romeine 3:24) en *geregverdig deur geloof* (in Jesus Christus en sy verlossingswerk wat Hy volbring het)(Romeine 3:22). Daarom word hy *geregverdig deur die dood* van Jesus (sy bloed wat vergiet is aan diet kruis) (Romeine 5:9) en *geregverdig deur die opstanding* van Jesus uit die dood (Romeine 4:24-25). Jesus Christus is oorgelewer aan die dood om ons regverdiging (vryspraak, vergewing, verlossing) moontlik te maak, d.w.s., met ons sonde effektief af te reken sodat God ons regverdig kon verklaar. En Jesus Christus is uit die dood opgewek om ons regverdiging te waarborg. Daarom kan die dood van Jesus Christus geen effek op ons regverdiging hê sonder sy opstanding nie. Die opstanding van Jesus Christus uit die dood bewys dat God sy soenoffer vir sondes aanvaar het! Die dood en die opstanding van Jesus Christus is onafskeidbaar! Sy dood het die regverdiging moontlik gemaak en sy opstanding het die regverdiging tot ‘n werklikheid gemaak.

‘n Dooie verlosser het geen enkele effek nie! Profete wat dood in hulle grafte lê het geen enkele effek nie! Daarom kan geen ander godsdiens ‘n mens regverdig nie! Jesus Christus is die enigste Verlosser wat:

- *deur sy dood* die sonde van die gelowige weggeneem het (1 Petrus 2:14) en sy skeiding van God opgehef het (1 Petrus 3:18)
- en *deur sy opstanding* die gelowige regverdig verklaar het en hom voortaan as volmaak regverdig beskou en behandel (Romeine 4:24-25) en hom die nuwe lewe geskenk het (Romeinen 6:4).

STAP 4. DOEN.**TOEPASSINGS**

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou 'n dinkskrum en stel 'n kort lys saam van moontlike toepassings uit Romeine 4:17b-25.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS?

Skryf neer. As jy 'n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie?

(Let wel dat hoewel 'n waarheid dieselfde bly, daar 'n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid moontlik is. Hier volg 'n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Romeine 4:17b-25.

- 4:17. God gee lewe aan die dooies en die wat halfdood is. Laat die God van die Bybel ewige lewe aan jou menslike gees (siel) gee deur Jesus Christus en sy volbragte verlossingswerk in jou hart en lewe aan te neem. Laat die God van die Bybel nuwe krag en vermoëns aan jou liggaam gee sodat jy in staat kan wees om te doen wat jy nooit voorheen kon doen nie.
- 4:17. God roep die dinge wat nie is nie (nog nie tot stand gekom het nie) asof hulle bestaan (d.i. al tot stand gekom het, so seker is die vervulling!) Glo daarom sonder om te twyfel aan die beloftes van God, omdat God se beloftes so goed as hulle vervulling is!
- 4:11,18. Maak die doel van die God van die Bybel tot jou eie doel.
- 4:18. Glo in die beloftes van God sonder om op te hou met hoop. Bly onwrikbaar verwag dat God al sy beloftes sal vervul.
- 4:19-20. Laat jou omstandighede (hoe moeilik ookal) nooit jou geloof bepaal nie! Laat God jou geloof versterk deur steeds weer oor sy beloftes na te dink.
- 4:20-21. Bly voortdurend groei en leer God beter ken, omdat jy kyk na God (sy karakter, woorde en vermoëns) wat die aard van jou geloof bepaal.
- 4:23-24. Herinner jouself telkens weer daaraan dat God se woorde in die Ou Testament ook vir mense in die Nuwe-Testamentiese periode (dus, ook vir jou) bedoel is (2 Korintiërs 1:20)!
- 4:25. Bly onthou dat die dood van Jesus Christus jou regverdiging (vryspraak) moontlik maak en die opstanding van Jesus Christus uit die dood jou regverdiging (vryspraak) waarborg.

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Romeine 4:17b-25.

Ek besef dat die krag van my geloof bepaal word deur my siening van God. Daarom hou ek vas aan die oortuiging dat die God van die Bybel getrou en magtig is: Hy doen wat Hy belooft het en Hy kan doen wat Hy belooft het. Ek besef dat my geloof ook versterk kan word deur vas te hou aan die beloftes in die Bybel en deur die oortuiging dat God by magte is om te doen wat Hy belooft het (Efesiërs 3:20).

Ek besef dat my geloof baie ooreenkom met die geloof van Abraham. Ook ek glo in die lewende God van die Bybel, die God wat vir dooie mense lewe gee. Hy het Jesus Christus uit die dood laat opstaan. Ook ek glo dat God deur die Saad van Abraham (d.i. die Here Jezus Christus) besig is om alle families (volke) op die aarde te seën.

STAP 5. BID.**REAKSIE**

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Romeine 4:17b-25.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5**GEBED** (8 minute)**[VOORBIDDING]
BID VIR ANDERE**

As daar tyd is gaan voort met bid in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6**VOORBEREIDING** (2 minute)**[OPDRAGTE]
VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS**

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

- Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die Koningskap van Jesus Christus te verkondig.
- Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Romeine 4:17b-25 saam met 'n persoon of 'n klein groeple mense.

3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit **Psalm 1, 2, 5 en 8**.
Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers: **(5) Die eer in die gemeente. Efesiërs 3:20-21**.
Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Onderrig. Berei **die gelykenis van “die verlore skaap”** in Lukas 15:1 en **die gelykenis van “die verlore seun”** in Lukas 15:11-32 tuis voor. Maak gebruik van die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.